

Vreugde

in plaas van

SOMBERHEID

Jesaja 61:1-4 & Lukas 4:18-19

Uittreksel uit teks: Jesaja 61

1 Die Gees van die Here my God het oor my gekom;
die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te
bring aan die mense in nood...,
3 ...die dag waarop Hy vir dié in Sion wat treur,
eer gee *in plaas van* smart,
vreugde *in plaas van* droefheid,
blydschap *in plaas van* hartseer.
Hulle sal genoem word: Bome van Redding.
Die Here het hulle geplant om sy roem te
vermeerder.

In vandag se teks preek God se profeet vir 'n gemeente wat moedeloos is. Hulle was vir 70 jaar in ballingskap in Babilon en al waarvoor hulle geleef het was om terug te gaan na hul tuisland. Hulle het gebid, en gewag, en onthou... Maar noudat hul terug is in Jersusalem is die omstandighede nie baie bemoedigend nie. Die heilige stad is 'n rommelhoop, die tempel is verwoes en die eens groen landerye is 'n woestyn. God het hulle teruggebring; maar God se grootpad, het dit vir hulle gelyk, het 'n doodloopstraat van armoede en skuld en sukkel geword. Tog is God se belofte aan hulle dat hooploosheid nie die laaste *woord* spreek nie.

'n Enkele woord kan 'n groot verskil maak. In vandag se teks word die woorde *in plaas van* drie keer herhaal. *In plaas van* is die verskil tussen 'n lewe van somberheid en 'n lewe van ware vreugde. *In plaas van* is woorde wat praat van 'n *ruil* wat plaasvind; eerder *hiérdie* as *dáárdie*. Daar is nou iets totaal anders in die plek van dit wat ek ver wag het: dit voeg nie net by, of vat net

'n klein bietjie weg by wat daar reeds is nie; dit bring radikale verandering.

Kyk bietjie na die drie **ipv's**:

1) eer **ipv** smart (feesklere ipv rouklere, 'n lourierkrans ipv *as* op hul koppe). In daardie tyd het jy *as* (uitgebrande oorblyfsels) op jou kop gesit as simbool van rou/verwoesting/verbasing wat jy ervaar. Wanneer jou leefwereld lyk soos 'n puinhoop en hoop die gebou verlaat het. *As* is die uiterlike teken van jou verskroeiende siel... Teenoor dit lees ons van 'n lourierkrans gemaak uit blare en blomme. Dit word geweef as kroon om op iemand se kop te sit; 'n uiterlike teken van eer.

2) (olie van) vreugde **ipv** droefheid. Om te rou laat alles in jou opdroog; selfs trane sukkel later om te vloei... En jou oë verklap die woestyn binne jou. Olie weer, vanaf die vrug van die olyfboom, bring herstel en is gebruik as geneesmiddel. Dit skep ware vreugde.

3) (mantel van) blydschap/lofprijsing **ipv** 'n lewelose gees/swak gees. Wanneer jou lewensflam net-net brand, jy totaal verlam voel en nêrens heen meer gaan nie - nie met jou voete of jou hart nie. Jy kruip weg agter toe blindings in jou bed. Die mantel wat jy aantrek is weer iets wat jy oor jou skouers gooi as jy êrens heen op pad is; wanneer jy weer opnuut belangstelling het om kreatief deel te neem aan die lewe. Soos Eugene Peterson dit saamvat: "*This holy exchange readies us for vigorous participation in the world... to work and play with confidence and zest.*"

Die driedubbele **ipv's** verklaar dat 'n ruil moontlik is. Vandag nog ruil ons in wat ons nie wil hê nie soos die ongewenste geskenke wat ons ruil vir geld op Gumtree!

uitsigloos...hartseer...vol droefheid...

Die krag van hierdie woorde in Jesaja lê in die feit dat dit gebeur het; hierdie as-bedekte rouende mense het weer lewe gekry. Hulle het hul werksklere aangetrek, hulle moue opgerol en die stad begin herbou. Dit is juis hulle troosteloosheid en uitsigloosheid wat hulle lamgelê het. En God hanteer die probleem nie deur hul verder in die grond in te druk nie; Hy wat die gebroekenes se hart verstaan, hanteer die probleem deur hulle te troos sodat hulle weer in aksie kan kom. Die mense, wat self eers innerlik omskep is, spring aan die werk, om ook die land te omskep; hulle word weer bouers.

Van die mooiste lieder in die Psalms wat sing van ware lewensvreugde is in hierdie moeilike tyd geskryf. Israel het 'n opstanding beleef; 'n wedergeboorte... Hulle harde werk, en diens aan GOD en mekaar het hul identiteit gevorm.

In plaas van is goeie nuus; dit is evangelie-woorde! Op die ou end het 'n persoon verskyn in wie hierdie belofte opgesom en uitgestal is: Jesus van Nasaret - die Christus. 500 jaar na hierdie woorde in Jesaja die eerste keer gepreek is, het Jesus opgestaan in die sinagoge, en hierdie preek uit Jesaja voorlees(Luk 4:18-21): "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, 19 om die genadejaar van die Here aan te kondig."...Die oë van almal in die sinagoge was op Hom gerig. 21 Toe begin Hy hulle toespraak: "Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul."

En waar Jesus beweeg - oral waar Hy gaan en met wie hy te doen kry, vind daar 'n uitruiling plaas. Soos met die Samaritaanse vrou wat by die put gesit het. Sy was hulpeloos/hooploos - sy het 5 keer misluk in haar huwelik. Sy was deel van 'n godsdienstige gemeenskap wat hul rug op haar gedraai het. En sy was deel van 'n groep wat op grond van hul ras as minderwaardig beskou is - veral deur die Jode. 'n Lewe van as. Jesus praat sag, ferm en liefdevol met haar; Hy gee vir haar water en ook Homself - die lewende water. En dieselfde gebeur met haar as wat met Israel gebeur het 500 jaar terug: sy kan opstaan uit haar

doodsbestaan, ware vreugde vind en dit gaan deel met haar gemeenskap waarvan daar getuig word dat hulle almal ogv haar getuie die lewende water ontvang! Vreugde ipv somberheid.

Jesus vertel ook van die roekelose seun wat sy erfgoed vermors - 'n verlore rebel. Hy verloor sy trots, sy doel, sy wil om te leef; 'n gebroke man met 'n gebroke gees. Hy besluit om terug te keer na sy pa se huis. En hy word verwelkom met 'n groot fees. Sy pa se vrygewigheid en vergifnis is wat hom terugbring na die familie... En die mooiste mantel in die huis word oor sy skouers gegooi - nou is daar ware blydschap in plaas van eensaamheid.

En Jesus se lewe het presies kom wys wat hierdie belofte uit Jesaja beteken: dat God se genade 'n **persoon** is - iemand wat al die **in plaas van's** geloofwaardig en sigbaar kom maak. Jesus maak 'n aankondiging in Luk 4, en deur sy daad eggo Hy hierdie boodskap. Hy bring verligting vir armes, versorg siekes, gee kos, herstel en genees...

En die mense wat Jesus red is ook die mense wat wat Hy uitnooi om deel te wees van sy uitruilplan/herstelplan (net soos in Jesaja). *"We have a tendency as humans in our brokenness to justify our need to take...not realising that it is our ability to give that moves us toward wholeness in our life"* Erwin Mcmanus.

Wat ons raak, ráák God – en dit is die diep geráákte God wat praat in Jesaja 61; wat méns geword het in Jesus en Hom volledig kom vereenselwig met ons.

Vrae vir nadink en kleingroepe:

- Lees weer die twee teksgedeeltes. Watter aankondiging maak God teenoor jou?
- Lees weer die aanhaling van Erwin hierbo: Hoe ervaar jy dit?
- As jy die ipv's moet vertaal vir ons tyd en konteks, hoe sal dit klink? ipv.....?
- Wat druk God op jou hart hieroor? Hoe is jy besig om God se genadetyd aan te kondig, en tot watter lewe roep dit jou?

Vreugde

in plaas van

SOMBERHEID

Jesaja 61:1-4 & Lukas 4:18-19

Uittreksel uit teks: **Jesaja 61**

1 Die Gees van die Here my God het oor my gekom;
die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te
bring aan die mense in nood...,
3 ...die dag waarop Hy vir dié in Sion wat treur,
eer gee *in plaas van* smart,
vreugde *in plaas van* droefheid,
blydschap *in plaas van* hartseer.
Hulle sal genoem word: Bome van Redding.
Die Here het hulle geplant om sy roem te
vermeerder.

In vandag se teks preek God se profeet vir 'n gemeente wat moedeloos is. Hulle was vir 70 jaar in ballingskap in Babilon en al waarvoor hulle geleef het was om terug te gaan na hul tuisland. Hulle het gebid, en gewag, en onthou... Maar noudat hul terug is in Jersusalem is die omstandighede nie baie bemoedigend nie. Die heilige stad is 'n rommelhoop, die tempel is verwoes en die eens groen landerye is 'n woestyn. God het hulle teruggebring; maar God se grootpad, het dit vir hulle gelyk, het 'n doodloopstraat van armoede en skuld en sukkel geword. Tog is God se belofte aan hulle dat hooploosheid nie die laaste *woord* spreek nie.

'n Enkele woord kan 'n groot verskil maak. In vandag se teks word die woorde ***in plaas van*** drie keer herhaal. ***In plaas van*** is die verskil tussen 'n lewe van somberheid en 'n lewe van ware vreugde. ***In plaas van*** is woorde wat praat van 'n *ruil* wat plaasvind; eerder *hiérdie* as *dáárdie*. Daar is nou iets totaal anders in die plek van dit wat ek verwag het: dit voeg nie net by, of vat net

'n klein bietjie weg by wat daar reeds is nie; dit bring radikale verandering.

Kyk bietjie na die drie **ipv's**:

1) eer **ipv** smart (feesklere ipv rouklere, 'n lourierkrans ipv *as* op hul koppe). In daardie tyd het jy *as* (uitgebrande oorblyfsels) op jou kop gesit as simbool van rou/verwoesting/verbasing wat jy ervaar. Wanneer jou leefwereld lyk soos 'n puinhoop en hoop die gebou verlaat het. *As* is die uiterlike teken van jou verskroeiende siel... Teenoor dit lees ons van 'n lourierkrans gemaak uit blare en blomme. Dit word geweef as kroon om op iemand se kop te sit; 'n uiterlike teken van eer.

2) (olie van) vreugde **ipv** droefheid. Om te rou laat alles in jou opdroog; selfs trane sukkel later om te vloei... En jou oë verklap die woestyn binne jou. Olie weer, vanaf die vrug van die olyfboom, bring herstel en is gebruik as geneesmiddel. Dit skep ware vreugde.

3) (mantel van) blydschap/lofprijsing **ipv** 'n lewelose gees/swak gees. Wanneer jou lewensflam net-net brand, jy totaal verlam voel en nêrens heen meer gaan nie - nie met jou voete of jou hart nie. Jy kruip weg agter toe blindings in jou bed. Die mantel wat jy aantrek is weer iets wat jy oor jou skouers gooi as jy êrens heen oppad is; wanneer jy weer opnuut belangstelling het om kreatief deel te neem aan die lewe. Soos Eugene Peterson dit saamvat: "*This holy exchange readies us for vigorous participation in the world... to work and play with confidence and zest.*"

Die driedubbele **ipv's** verklaar dat 'n ruil moontlik is. Vandag nog ruil ons in wat ons nie wil hê nie

soos die ongewenste geskenke wat ons ruil vir geld op Gumtree!

uitsigloos...hartseer...vol droefheid...

Die krag van hierdie woorde in Jesaja lê in die feit dat dit gebeur het; hierdie as-bedekte rouende mense het weer lewe gekry. Hulle het hul werksklere aangetrek, hulle moue opgerol en die stad begin herbou. Dit is juis hulle troosteloosheid en uitsigloosheid wat hulle lamgelê het. En God hanteer die probleem nie deur hul verder in die grond in te druk nie; Hy wat die gebrokenes se hart verstaan, hanteer die probleem deur hulle te troos sodat hulle weer in aksie kan kom. Die mense, wat self eers innerlik omskep is, spring aan die werk, om ook die land te omskep; hulle word weer bouers.

Van die mooiste liedere in die Psalms wat sing van ware lewensvreugde is in hierdie moeilike tyd geskryf. Israel het 'n opstanding beleef; 'n wedergeboorte... Hulle harde werk, en diens aan GOD en mekaar het hul identiteit gevorm.

In plaas van is goeie nuus; dit is evangelie-woorde! Op die ou end het 'n persoon verskyn in wie hierdie belofte opgesom en uitgestal is: Jesus van Nasaret - die Christus. 500 jaar na hierdie woorde in Jesaja die eerste keer gepreek is, het Jesus opgestaan in die sinagoge, en hierdie preek uit Jesaja voorlees (Luk 4:18-21): "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdrukte in vryheid uit te stuur, 19 om die genadejaar van die Here aan te kondig."...Die oë van almal in die sinagoge was op Hom gerig. 21 Toe begin Hy hulle toespraak: "Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul."

En waar Jesus beweeg - oral waar Hy gaan en met wie hy te doen kry, vind daar 'n uitruiling plaas. Soos met die Samaritaanse vrou wat by die put gesit het. Sy was hulpeloos/hooploos - sy het 5 keer misluk in haar huwelik. Sy was deel van 'n godsdienstige gemeenskap wat hul rug op haar gedraai het. En sy was deel van 'n groep wat op grond van hul ras as minderwaardig beskou is - veral deur die Jode. 'n Lewe van as. Jesus praat sag, ferm en liefdevol met haar; Hy gee vir haar

water en ook Homself - die lewende water. En dieselfde gebeur met haar as wat met Israel gebeur het 500 jaar terug: sy kan opstaan uit haar doodsbestaan, ware vreugde vind en dit gaan deel met haar gemeenskap waarvan daar getuig word dat hulle almal ogv haar getuie die lewende water ontvang! Vreugde ipv somberheid.

Jesus vertel ook van die roekelose seun wat sy erfgeld vermors - 'n verlore rebel. Hy verloor sy trots, sy doel, sy wil om te leef; 'n gebroke man met 'n gebroke gees. Hy besluit om terug te keer na sy pa se huis. En hy word verwelkom met 'n groot fees. Sy pa se vrygewigheid en vergifnis is wat hom terugbring na die familie... En die mooiste mantel in die huis word oor sy skouers gegooi - nou is daar ware blydschap in plaas van eensaamheid.

En Jesus se lewe het presies kom wys wat hierdie belofte uit Jesaja beteken: dat God se genade 'n **persoon** is - iemand wat al die **in plaas van's** geloofwaardig en sigbaar kom maak. Jesus maak 'n aankondiging in Luk 4, en deur sy daad eggo Hy hierdie boodskap. Hy bring verligting vir armes, versorg siekes, gee kos, herstel en genees...

En die mense wat Jesus red is ook die mense wat wat Hy uitnooi om deel te wees van sy uitruilplan/herstelplan (net soos in Jesaja).

"We have a tendency as humans in our brokenness to justify our need to take...not realising that it is our ability to give that moves us toward wholeness in our life" Erwin Mcmanus.

Wat ons raak, ráák God – en dit is die diep geráákte God wat praat in Jesaja 61; wat méns geword het in Jesus en Hom volledig kom vereenselwig met ons.

Vrae vir nadink en kleingroepe:

- Lees weer die twee teksgedeeltes. Watter aankondiging maak God teenoor jou?
- Lees weer die aanhaling van Erwin hierbo: Hoe ervaar jy dit?
- As jy die ipv's moet vertaal vir ons tyd en konteks, hoe sal dit klink? ipv.....?
- Wat druk God op jou hart hieroor? Hoe is jy besig om God se genadetyd aan te kondig, en tot watter lewe roep dit jou?